# St. Basilius van Ankyra

## 22 Maart



(sterf 362)

Hy was 'n priester van Ankyra in Galasië (in modern Turkye). Toe sy biskop, Marcellus, in 336 van sy setel ontneem en verban is deur keiser Constantius, 'n aanhanger van die Ariaanse dwaalleer, staan Basilius die nuwe biskop teë, wat probeer het om die Ariaanse teologie op die gelowiges af te dwing. Die situasie het vererger toe die heidense keiser Julianus die troon bestyg en begin om die Christelike kerk te vervolg. Basilius het die openbare afgodery en verheidening van die Christelike bevolking beveg en is in die gevangenis gegooi. Daar is hy gruwelik gefolter en uiteindelik vermoor.

© Die Oratorium Uitgewery